WEEK 50

12 Desember 2025

## TEGNIESE- EN BEMARKINGSVERSLAG GRANATE

Alle aanduidinge is dat daar ‘n goeie granaatoes op pad is vir 2026. Ons sal wel die eerste Angel Red alreeds volgende week oes, maar dit is baie klein volumes. Die meeste van die vroeë Angel Red sal eers in Januarie geoes word en hopelik sal ons in week 7 of 8 met Wonderful kan begin.

Marktoestande lyk tans goed. Dit blyk dat Turkye ‘n swak oes het en dus reeds vroeg uit die mark gaan wees. Hulle het laasjaar heelwat ryp gehad wat nou nog ‘n effek het. Italië het ook ‘n swakker as verwagte oes en die Turkse granate sal dus vinniger verkoop. Suid-Afrika kan dus in die goeie posisie wees om in ‘n relatief leë mark te begin pak.

Baie hang egter ook af van hoe Peru gaan verskeep. Hulle produksie in die vroeë areas is aan die toeneem en begin selfs ons vroeë markte onder druk sit. Die nuutste inligting is dat die seisoen in Ica bietjie laat is, wat positief vir ons vroeë aankomstes is.

Sapex is baie gelukkig om ‘n diverse profiel van kliënte te hê. Die beplanning is om vanjaar in ongeveer 20 lande handel te dryf. Die blootstelling aan Supermarkprogramme is ook groter. Dit is waar die langtermyn volhoubaarheid en stabiliteit lê. Dan het ons ook die bin-program vergroot ten einde die voordeel van laer verpakkingskostes deur te gee. Ons het die blootstelling aan enkele van die meer wisselvallige markte effens verklein. Die markte kan baie goed doen, soos laasjaar, maar dit bly hoë risiko blootstelling.

Die langtermyn weervoorspellings dui op ‘n groter kans vir reën in ons groeiseisoen. Maak dus asb baie seker dat die besproeiing op datum is en bly. Waak daarteen dat die ondergrond uitdroog. As dit reën, en die ondergrond is droog, is die risiko van bars baie hoog. ‘n Produsent in Italië het pas 50% van sy oes op die wyse verloor.

Die phytclean verifikasies is laasweek gedoen. Ons het almal deurgekry wat ons hulp gevra het. Phytclean is nodig om granate na Europa te mag uitvoer. Sonder dit is die markte beperk.

Geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige Nuwejaar.

Groete.

Sapex Span.